education

DEPARTMENT: EDUCATION
MPUMALANGA PROVINCE

# EHLANZENI STREEK

# JUNIE 2014

# GRAAD 10

---

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL – VRAESTEL 3

---

**PUNTE : 100**

**TYD : 2 UUR**

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50 punte) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele tekste | (30 punte) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele tekste | (20 punte) |

2. Beantwoord **EEN** vraag uit **ELKE** afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin **ELKE** afdeling op ŉ **NUWE** bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ŉ kopkaart of ŉ vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning /redigering **VOORDAT** jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ŉ streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

8. Nommer elke teks soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.

10. Dui die getal woorde aan die einde van elke skryfstuk aan.
    **LET WEL**: Die titel word **NIE** in aanmerking geneem as die woorde getel word **NIE**.


11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL**

- Kies EEN onderwerp en skryf 150-200 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

## 1. TROETELDIERE

Katte se oë is meer sensitief vir lig as wat mense s'n is. As die lig af is, sal jy dalk jou tone teen die meubels stamp, terwyl jou kat gemaklik in die huis rond loop. Katte kan nie in algehele donkerte sien nie, maar hul oë het 'n spesiale weerkaatsende laag wat klein hoeveelhede lig kan bespeur.



Skryf 'n **opstel** oor jou troeteldier en wat hy/sy alles kan doen, hoe julle speel en wat jy hom/haar voer. **[50]**

**OF**

## 2. BYGELOWE

Partykeer dink mense vreeslike bygelowe oor diere uit byvoorbeeld:

- 'n Uil wat in die aand op 'n huis se dak sit bring ongeluk en dood oor die huisgesin.
- As 'n swart kat voor jou oor die pad hardloop bring dit ongeluk.
- Voëls wat in 'n "V" vorm vlieg bring geluk.
- Drie voëls wat saam vlieg bring ongeluk.
- As 'n voëltjie op jou kop blaps bring dit geluk ens.



Skryf 'n **opstel** waarin jy vertel van die bygelowe in jul huis, familie en kultuur. **[50]**

**OF**

3. **MY BESTE VAKANSIE OOIT!**

Skryf 'n **opstel** oor jou beste vakansie.

Dink aan:

- Voorbereiding
- Waar jy oral was
- Wat jy alles gedoen het



**[50]**


**OF**

4. **VOORDELE VAN SPORT**

Dit is baie voordelig om aan sport deel te neem. Boonop is daar verskeie sportsoorte om van te kies!
Skryf 'n **opstel** oor die voordele van sport.

Dink aan:

- Jou liggaam – ferm en gesond, meer energie
- Vriendskappe brei uit – ontspanne, bou selfvertroue
- Versterkte spiere word nie gou moeg nie
- Sport leer jou vinniger dink



**[50]**

**OF**

5. **'n Klein ongelukkie**

Jy was besig om jou pa se motor te was en het besluit om dit uit te toets. Jy was nog nooit agter enige motor se stuurwiel nie en het ook nie 'n leerlinglisensie nie. Skryf 'n opstel waarin jy vertel wat gebeur het toe jy jou pa se motor uitgetoets het.
Dink ook aan:

- Mag jy jou pa se motor bestuur?
- Waar was jy toe die ongeluk gebeur het?
- Wat het gebeur?
- Wat was jou pa se reaksie?
- Hoeveel dit gekos het om die skade te herstel?
- Wat jy gedoen het om jou pa terug te betaal?




**[50]**

**OF**

Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n **OPSTEL** daaroor.
Gee vir jou skryfstuk 'n titel.

6.



**[50]**

**OF**

7.



**[50]**

**OF**

8.



**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**

Kies EEN onderwerp en skryf 120 - 150 woorde daaroor.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

9. **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jou maat se ouers gaan na ŉ ander provinsie verhuis. Hy/Sy wil nie die skool en vriendekring verlaat nie. Skryf ŉ brief waarin jy hom / haar gerusstel en oorreed om hom sy/haar ouers te volg.

Noem onder andere:

- Dit is goed as jy naby jou ouers is.
- Jy kry gereeld kos.
- Jou klere word gewas en gestryk.
- As jy iets nodig het, is jou ouers daar. **[30]**

**OF**

10. **HULDEBLYK**

Jou beste vriend is oorlede, skryf ŉ **huldeblyk** vir die plaaslike koerant.

Dink aan:

- Volle name
- Datum van afsterwe
- Waar die persoon gebly het
- Geboortedatum en plek
- Oorlewendes se name
- Inligting oor huldigingsdiens **[30]**

**OF**

11. **KOERANTBERIG**

Skryf ŉ gepaste beriggie vir julle skoolkoerant.

**Graad 10-toer 'n groot sukses**

**[30]**

**OF**

12. **DIALOOG**

Skryf ŉ **dialoog** tussen die volgende twee figure.




**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

13. **ADVERTENSIE**




Kies een van die produkte en **ontwerp ŉ advertensie**.
Die advertensie behoort:


- Eenvoudig, maar kreatief en interessant te wees.
- Die produk op ŉ kreatiewe en opwindende manier te beskryf.
- Die leser te oortuig dat hy/sy nie sonder die produk kan funksioneer nie.
- Op ŉ spesifieke teikenmark gerig te wees.
- Inligting te verskaf, bv. kontakbesonderhede, prys, waar die produk beskikbaar is, ens. **[20]**

**OF**

14. **DAGBOEKINSKRYWING**

Jy was by ŉ groot sportbyeenkoms en het ŉ nuwe liefde/held ontmoet. Skryf 2 opeenvolgende dagboekinskrywings oor jou gevoelens neer.

Dink aan:



- Hoe julle ontmoet het
- Wanneer jy hom/haar moontlik weer sien

**[20]**

**OF**

15. **INSTRUKSIES**

Jy wil vir jouself ŉ toebroodjie maak.

Jy het die volgende bestanddele:

- ŉ gebakte eier
- twee snye brood
- ŉ tamatie
- margarien
- kaas
- sous
- blaarslaai

Skryf stap vir stap neer hoe jy te werk sal gaan om die toebroodjie te maak. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**TOTAAL VRAESTEL 3: 100**